# 7 Julie 2023 - Lesing 68 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Beliggaamde ligwesens - Dissipels van JaHshua tans op aarde – 1/4/58

**NO: 7080** Ook by julle behoort daar diegene wat in die laaste tyd as My ware leerlinge die evangelie van die liefde moet verkondig, **wat by My was ten tye van My wandeling oor die aarde** en aan wie Ek die belofte gegee het om My ten tye van My wederkoms te mag dien.

Wanneer julle hierdie woorde verneem, sal julle eers begryp hoe belangrik julle missie is wat Ek aan julle toevertrou het. Want Ek kon daarvoor slegs mense gebruik wat in hulle diensbaarheid aan en hul liefde vir My, hulleself met ywer vir hul arbeid sou insit. En so 'n diensbaarheid sou nie meer te vinde gewees het by die mense van hierdie aarde nie. Daarom moes Ek julle dus na die aarde stuur, maar **Ek kon julle nie die herinnering aan vroeër gee van julle werksaamheid van weleer nie.**

Julle sal die weg oor die aarde net so moet aflê soos alle mense, bewustelik van julle menslike swakhede en worstelend vir 'n sterk geloof. Maar My Gees sal deur julle kan werk.

Julle sal in staat wees om **die waarheid van bo te ontvang en haar te verstaan** en julle sal haar daarom ook verder kan dra in die wêreld, soos wat dit eens julle taak was. Ek gee julle daarom 'n aanwysing oor julle herkoms, sodat julle daaruit sal kan aflei dat julle maar 'n kort tyd hierdie amp sal beklee op hierdie aarde, wat julle ook in die geestelike ryk uitoefen, omdat hierdie amp iets buitengewoon belangrik is, want wat Ek destyds begin het, - om die weg voor te berei na die vaderhuis, - dit sal julle nou nog eenmaal met beklemtoning aan jul medemens moet voorhou **en aan hulle ook die weg toon**, voordat die einde aanbreek, waarop daar 'n nuwe tydperk sal volg in 'n heeltemal nuwe ordening.

Steeds was julle bereid om in My opdrag die mense te vertel oor My en My werk van verlossing. Maar in die laaste tyd voor die einde sal dit heel besonder nodig wees dat die mense aan My sal dink, **want Ek alleen is hul redding**. Ek alleen kan hulle wegtrek van die afgrond, wat hulle nou in hul blindheid tegemoetgaan.

Maar hulle sal My moet erken, hulle sal net soos gedurende die tyd wat Ek op aarde gewandel het, tot My moet roep: "**Meester, help My**".

Maar die mense gaan sonder kennis verder, want wat hulle van My en My verlossingswerk weet, is vir hulle slegs 'n legende. **Daarom sal julle My met volle oortuiging moet verkondig in die wêreld**.

En omdat julle, wie self mense is, nie anders geaard sou kon wees nie, ofskoon julle vanuit die ligryk oorgekom het, sal julle **vooraf deur My Gees 'n lewende kennis oor My en My werk van verlossing ontvang,** om nou ook met oortuiging vir My te kan opkom. En julle siel sal die werksaamheid van die Gees in julle toelaat; 'n gebeurtenis wat die mense van die huidige tyd slegs selde kan sien en wie daarom ook moeilik te beweeg is om hieraan te glo.

Julle taak is belangrik en daarom lei Ek julle weer op soos vroeër, dit wil sê dat julle menslike wysheid **vooraf hemelse wysheid moes opneem**, om nou ook te midde van die mense te kan predik, soos wat julle dit eertyds gedoen het.

Die getal van My dissipels was destyds groot en vele van daardie bodes het hulleself aangebied vir hierdie gang oor die aarde gedurende die laaste tyd voor die einde, by die aanskoue van die groot geestelike nood wat hulp dringend nodig gemaak het.

Maar elke Ligsiel moes homself op aarde ook in vrye wil weer die graad van liefde verwerf het wat die "werksaamheid van die Gees" sou toelaat.

Julle worsteling van (julle mens) is nie minder moeilik as die van elke ander mens nie, slegs sal die siel My steeds ter wille wees en die band met My hê en sal daarom ook **'n lewe in liefde lei**, wat dan ook die werksaamheid van die Gees waarborg. En dan kan My Woord ook weer na die aarde gelei word.

Ek kan dan Self weer die evangelie van die liefde predik aan elkeen wat oor en hart nie gesluit het nie. Julle het weer **My wegbereiders** geword. Julle sal slegs My evangelie uitdra in die wêreld, julle sal nie uit julself spreek nie, inteendeel, **julle sal My Self deur julle laat spreek**, soos wat dit ook julle missie was na My hemelvaart, waar julle opnamehouers van Myself geword het en Ek dus Self in die Gees by julle kon wees.

En so sal Ek steeds by die mense wees, tot aan die einde van die wêreld. Want sonder My sal geen mens die geluksaligheid kan bereik nie, **sonder My is die weg na die Vaderhuis onvindbaar,** sonder My gaan die mensdom in skuld en sonde en hulle weg daal af na die diepte.

Maar Myne sal ywerig deel aan die verlossingswerk hê, Myne sal hulself tot My beskikking stel, waar Ek hulle ookal nodig sal hê. En julle almal wat My wil dien, behoort tot Myne en julle sal ook in staat wees om suksesvolle arbeid te verrig, want in My opdrag sal julle steeds werksaam wees.

**En as die Meester julle 'n amp gee, dan sal Hy julle ook die krag gee om dit te beklee**. Hy sal Self met Sy Krag en Sy Seën by julle wees - en wanneer julle missie beëindig is - julle weer na Hom toe sal bring in Sy ryk. Amein.